# VOORWOORD

HETTA POTGIETER
Redakteur

Die kongres *Christian Congregational Music: Local and Global Perspectives* het vanaf 1 tot 3 September 2011 by *Ripon College*, Cuddesdon, Oxfordshire, Engeland plaasgevind. 'n Mondvol. Tydens die kongres was ek bevoorreg om 'n referaat te lewer en het weereens besef *hoe groot* en *hoe klein* die wêreld is. Van die onderwerpe wat tydens die kongres bespreek is, sluit nóú aan by die drie artikels in hierdie uitgawe. Die temas, wat soos leitmotiewe deur die loop van die driedaagse kongres herhaal is, was onder andere die soeke van uiteenlopende kultuurgroepe na 'n himnologiese identiteit, die rol van die geskiedenis in die skep van nuwe liedere, en die gebruik van tegnologie om estetiese denke te rig. In hierdie voorwoord word 'n kort verslag oor die kongres gegee en aangedui hoe die artikels van Johan Cilliers, Johannes Bingle en Ockie Vermeulen daarby aansluit.

Eerstens iets meer oor *Ripon College* waar die kongres gehou is, en oor die afgevaardigdes. *Ripon College* is aan Oxford Universiteit gekoppel en bied sedert 1854 teologiese opleiding aan predikante van die Anglikaanse Kerk. Tans word verskeie indiensopleidingsprogramme vir dienende predikante ook daar aangebied. Ongeveer sestig afgevaardigdes van Australië, Duitsland, Finland, Hongarye, Kanada, Suid-Afrika, Taiwan, Jamaika en die VSA, asook van verskeie universiteite in die Verenigde Koninkryk, het die kongres bygewoon. Etno-musikoloë, teoloë, himnoloë en musici het die onderwerpe wat vir elke sessie beplan was, vanuit verskillende perspektiewe, kulture en omgewings benader. Daar is besin oor, asook gekyk en geluister na, 'n kaleidoskoop van lof-en-aanbiddingsmusiek, byvoorbeeld van Java, Indonesië en die Maskelyne eilande by Vanuatu, van Aborigines in Bali, Australië en Taiwan, van Chinese Christene in Engeland en Lutherane in Namibië, van Pinksterkerke in Haiti en *African American* mega-kerke, asook Toronto se *Jesus in the City Parade*.

Tweedens is vier referate oor die Suid-Afrikaanse opset gelewer. Een van die inleiers was Carol Muller, wat haar doktorsgraad aan die Universiteit van Kaapstad verwerf het en tans verbonde is aan die Universiteit van Pennsylvania. Sy is 'n prominente etno-musikoloog en haar navorsing het gehandel oor Isaiah Shembe wat in 1940 'n gesange-en-gebedeboek in Zoeloe gepubliseer het. Sy het onder andere 'n CD, *In their own Words*, in die negentigerjare vrygestel oor dié liedere wat gesing word in tradisionele styl, en met verloop van tyd aangepas is met orrel- en elektroniese klawerbordbegeleiding in 'n meer gospelstyl. 'n Jong doktorale student van Kanada, Laryssa Whittaker, doen navorsing in KwaZulu-Natal oor HIV-positiewe musikante in die Christelike kerk. Verteenwoordigend van Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, het Colin Campbell se referaat oor nuwe benaderinge ten opsigte van die evangelieverkondiging in die NG Kerk gehandel. Hy het deur flitse uit die geskiedenis die radikale skuif geskets wat vanaf 1990 in die NG Kerk aan die gebeur is, en daarop gewys dat die missionale benadering deur verskillende musiekstyle as deel van die liturgie in verskeie kontekste geïnkorporeer kan word.

Die onderwerp van my referaat was navorsing wat ek en Gerrit Jordaan sedert 2009 in verskillende plaasgemeentes in die Potchefstroomgebied doen. Die eredienste word

hoofsaaklik bygewoon deur Batswanas wat onder andere die Sesotho liedboek *Lifela tsa Sione* (eerste uitgawe 1844), asook die *Hosanna*-liedboek, gebruik. Ons kon beleef hoe tradisionele Westerse gesange en ander liturgiese liedere in ’n eie idioom aangepas en gebruik word.

Dit bring my derdens by die artikels in hierdie uitgawe van *Vir die Musiekleier*. Die soeke na ’n identiteit, ’n *fides quaerens sonum* (geloof op soek na klank), soos **Johan Cilliers** dit stel, word aan die hand van drie gevallestudies geskets. Hierdie leitmotief blyk tans werklik aktueel te wees in nasionale en internasionale besprekings oor himnologie. **Johannes Bingle** skryf oor die *relata refero*-beginsel [*ek gee weer wat weergegee is, ek vertel (verder) wat ek gehoor het*] wat in die liedereskat van die Bybel deurklink, en hoe dit tydens die Hervorming aangewend is. Hierdie beginsel word dan na vandag se praktyk deurgetrek. (Ere-lidmaatskap van SAKOV is vanjaar aan Bingle toegeken). Opvallend tydens die *Christian Congregational Music*-kongres was die deelname van jong navorsers wat ook as inleiers van onderwerpe opgetree het. Juis daarom is die stem van ’n jong navorser in hierdie uitgawe verblydend. Estetiese denke is ’n onderwerp wat veral die afgelope twee dekades onder die soeklig is, en met sy artikel “Estetiese denke in die gereformeerde erediens”, gee **Ockie Vermeulen** die opinies van verskeie bekende himnoloë, asook sy interpretasie van die onderwerp.

Met ’n jubelende verwerking van Lied 400 (*Juig, juig in Hom*), wat in hierdie uitgawe gepubliseer word, lewer **Albert Troskie** weer ’n geleentheid aan orreliste om hulle repertorium verder uit te brei. In ’n gesprek met **Cassie Carstens** vertel Troskie onder andere meer van sy benadering tot nuwe verwerkings vir eredienste. Die “oue” en die “nuwe” is juis begrippe wat die Moedergemeente Potchefstroom na ’n verwoestende brand in die kerkgebou intens beleef het. In die nuwe kerk is vanjaar ’n orrel ingewy waaroor **Niel Barnard** verslag doen.

’n Resensie oor die SAKOV feesbundel deur **Theo van Wyk**, asook CD-resensies deur **Jacoba van Rooy** en **Christiaan Carstens**, bied ’n blik op orrelmusiek wat die musiekleier verder kan inspireer. Voorts vertel die voorsittersverslag en verslae oor streeksbyeenkomste die verhaal van passievolle mense wat op verskillende plekke in Suid-Afrika en Namibië musiek vir die erediens uitleef/beoefen.

*Nou waarheen neem al die benaderinge, besprekings en verslae ons?*

Die klem val uiteindelik op die werklikheid, die diens wat ons as kerkmusici, orreliste, sangleiers, etno-musikoloë en himnoloë lewer – die diens wat voortgaan. Soos Izak de Villiers dit in “Slot”, ’n gedig uit sy bundel *Leitourgos* (Kaapstad, Tafelberg, 1973) stel:

Gesangboekies word een-een toegeslaan
nog as ons sing. Iemand staan
klaar in die paadjie, soek sy hoed.
Amen! Ons sluit – U diens gaan aan.

*Vir die Musiekleier* was bevoorreg om sewe jaar die dienste van **Diederick Basson** as redakteur te kon benut. Hierdie uitgawe steun op sy jarelange ervaring en die standaard wat hy gestel het. Sy insette as mederedakteur is kosbaar – baie dankie daarvoor.

Ten slotte, aan alle SAKOV-lede: ’n voorspoedige en produktiewe 2012!

Desember 2011